## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1461 18 Julie 1980

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE BEACHWOOD-MANGLIETMOERAS, DURBAN

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die Beachwood-manglietmoeras, by Durban, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die manglietbome geleë op die volgende eiendomme noord van die Umgeniriviermonding:

1. Die restant van Graham 12774 volgens Kaart LG 2114/1937 en Transportakte 3145/1954. Geleë in die stad Durban, county Victoria, provinsie Natal.

2. Die hele gebied, synde onvervreemde Staatsgrond, aangedui as "Lagoon" op die kaart van Graham 12774, Kaart LG 2114/1937, maar uitsluitende daardie gedeelte van die lagune bekend as Lot Flyover 14377 en aangetoon op Kaart LG 4502/1956. Geleë in die stad Durban, county Victoria, provinsie Natal.

3. Die gedeelte onvervreemde Staatsgrond as volg begrens: Vanaf die kruising van die ooswaartse verlenging van die suidelike grens van Graham 12774 met die hoogwatermerk van die Indiese Oseaan langs; daarvandaan suidwaarts met die hoogwatermerk van die Indiese Oseaan langs tot by die punt waar dit gekruis word deur die middellyn van die Umgenirivier; daarvandaan weswaarts met die middellyn van die Umgenirivier langs, tot by die kruising daarvan met die oostelike rand van die Ellis Brown-viaduk; daarvandaan noordwaarts met die oostelike rand van genoemde viaduk en sy brughoofde langs, tot by die snypunt daarvan met die hoogwatermerk van die linkeroewer van die Umgenirivier; daarvandaan ooswaarts met die hoogwatermerk van die linkeroewer van die Umgenirivier langs, tot by die kruising daarvan met die oostelike grens van Lot Boyd 14173; daarvandaan noordwaarts agtereenvolgens met die grense van die volgende eiendomme langs, sodat hulle uit die gebied uitgesluit word: Lot Boyd 14173 en Lot 12 No. 1548, tot by de punt geletter A op die kaart van Graham 12774, daarvandaan ooswaarts met die suidelike grens van Graham 12774 en die verlenging van hierdie grens langs, tot by die punt wat eerste genoem is. Geleë in die county Victoria, provinsie Natal.

*Kulturele en omgewingsbelang*

Manglietmoerasse is een van die seldsaamste en wetenskaplik belangwekkendste ekosisteme en word in die hoogs gespesialiseerde getygebiede aangetref. Die Beachwood-manglietbome is van besondere plantkundige, opvoedkundige en historiese waarde omdat dit digby een van ons land se grootste stede met 'n verskeidenheid belangrike opvoedkundige instansies geleë is. 10/2/782.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1461 18 July 1980

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE BEACHWOOD MANGROVE SWAMP, DURBAN

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the Beachwood Mangrove Swamp at Durban, to be a national monument.

*Description*

The mangrove trees situated on the following properties north of the Umgeni River Estuary:

1. The remainder of Graham 12774, according to Diagram SG 2114/1937, and Deed of Transfer 3145/1954. Situate in the City of Durban, County of Victoria, Province of Natal.

2. The whole of the area being unalienated State land, shown as "Lagoon" on the map of Graham 12774, Diagram SG 2114/1937, but excluding that portion known as Lot Flyover 14377 and shown on Map SG 4502/1956. Situate in the City of Durban, County of Victoria, Province of Natal.

3. That portion of unalienated State land bordered as follows: From the crossing of the eastern extension of the southern boundary of Graham 12774 along the high-water mark of the Indian Ocean; thence southwards along the high-water mark of the Indian Ocean to the point where it is crossed by the middle line of the Umgeni River; thence westwards along the middle line of the Umgeni River to the crossing thereof with the eastern edge of the Ellis Brown viaduct; thence northwards along the eastern edge of the said viaduct and its bridgeheads to the cutoff thereof with the high-water mark of the left bank of the Umgeni River; thence eastwards along the high-water mark of the left bank of the Umgeni River to the crossing thereof with the eastern boundary of Lot Boyd 14173; thence northwards consecutively along the borders of the following properties, so as to exclude them from the area: Lot Boyd 14173 and Lot 12 No. 1548, to the point lettered A on the map of Graham 12774; thence eastwards along the southern boundary of Graham 12774 and this extension of the boundary to the point of beginning. Situate in the County of Victoria, Province of Natal.

*Cultural and natural interest*

Mangrove swamps are one of the rarest and most scientifically interesting ecosystems that occur in the highly specialised tidal environment. The Beachwood Mangroves are of significant botanical, educational and historical value because they are situated close to one of our country's largest cities with a variety of important educational institutions. 10/2/782.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.